

5 Februarie

Skrifgedeelte: Genesis 16 (OAV)

Fokusgedeelte: Genesis 16:11-13

Die Here sien

Hagar staan verwonderd oor God se genade. Hy is die God wat alles sien, ook haar ellende. Die wonder daarvan vind neerslag in haar vraag in vers 13 (OAV). Is dit werklik waar dat ek mag opsien na die God wat my oral en altyd sien? Wanneer Hy sien, beteken dit dat Hy jou diepste nood en behoeftes ken en iets daaraan doen. Hy sorg in sy liefde dat al sy beloftes bewaarheid word. Hagar het tot hierdie besef gekom toe sy uit die verbondstent gevlug het. Abram en Sarai se ongeloofsdaad het verhoudings in die verbondstent verskeur. Sarai se eie eer en Hagar se trots bots kop aan kop, sodat Hagar vlug. God neem die saak ernstig op. Die Engel van die Here ontmoet Hagar in die woestyn. Dit is nie 'n gewone engel nie, want hy praat asof hy God is (vers 10 OAV). Hagar noem Hom ook die Here en God (vers 13 OAV). Ter wille van sy belofte aan Abram laat die Here nie vir Hagar en haar kind in die woestyn sterf nie. Die ongeboore kind is 'n kind van Abram. Daarom sien God hulle in genade aan.

Ter wille van Christus is Hy ook vir ons, die geestelike nageslag van Abram, die God wat sien. Hy neem nie net kennis van ons ellende nie. Hy het gesorg dat sy belofte van verlossing vervul word. Daarom sien Hy ons elke dag in genade. Deur die Heilige Gees roep Hy ons terug wanneer ons hardkoppigheid ons uit die verbondstent van sy liefde laat vlug.

Sing: Psalm 139:1,2

Ds AP Krüger (Postmasburg)